

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 38

12 NOVEMBER 2021

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

EKSAMEN 2021
Graag wil ons almal (veral die ma's) alle voorspoed toewens met die voorbereiding vir die eksamen aan die einde van die jaar. Mag elke leerder die resultate kry wat hy/sy verdien.

Die eksamen begin volgende Donderdag vir die graad 7-leerlinge. Die res van die leerlinge begin Maandag 22 Novemver. **Indien 'n leerder gedurende die eksamen afwesig is, moet hulle 'n doktersertifikaat verskaf, anders kry hulle nul vir die vraestel wat geskryf word.**

SKOOLTYE VANAF 19 NOVEMBER – 15 DESEMBER 2021
Neem asb. kennis dat die skool vanaf **19 November tot en met 14 Desember om 12:00** sal verdaag en op 15 **Desember om 10:00.** Hierdie tye is van toepassing vir graad R tot graad 7.

SKOOLTASSE
Ons graad 1-leerlinge moet gebruik maak van die skool se voorgeskrewe tas. Ons het navrae in verband met die koop van nuwe skooltasse ontvang en wil bevestig dat indien u vir u kind in graad 4 en hoër 'n nuwe skooltas in die toekoms wil aanskaf, maroen, swart en donkerblou die enigste kleur skooltasse is wat aanvaarbaar is. Die sportsakke mag slegs dié wees wat by die skool se klerewinkel aangeskaf kan word.

KLEREWINKEL : BESTELLINGS VIR 2022
Ons herinner **graad R-ouers** wat bestellings vir klere vir 2022 wil plaas om dit so spoedig as moontlik te doen, sodat die verskaffers dit so gou moontlik kan maak. Die pryslyste is op D6 onder "Bronne" gevolg deur "klerewinkel", beskikbaar. U sal merk dat u die bestelling vir u gerief per e-pos na: klere@lnpark.co.za kan stuur. Indien u enige navrae het, kan u gerus die dames by die klerewinkel op die onderstaande tye skakel:
Maandae + Vrydae : **07:30 – 12:00**
Woensdae : **12:00 – 14:30**

KLEREWINKEL : MASKERS TE KOOP
Graag wil ons u ook inlig dat die klerewinkel voortaan materiaalmaskers met die skool se wapen op, teen R30 sal verkoop. Bestellings kan per e-pos na: klere@lnpark.co.za gestuur word indien u sou belangstel.

NEWTONPARK DRIVE-THRU : 19 NOVEMBER
Ons herinner ouers dat bestellings en betalings vandag om 12:00 gesluit het vir die Drive-Thru wat op Vrydag, 19 November by die Klubhuis in Geraldstraat van 12:00 – 18:00 plaasvind.
Baie dankie vir die wonderlike ondersteuning wat ons van ieder en elk ontvang het en ook ‘n spesiale woord van dank aan elke ouer wat hulp of skenkings vir hierdie dag gaan verleen. Sonder julle sal ons nie ‘n sukses hiervan kan maak nie.

SNOEPIE : KARRI-TOEP
Hiermee ‘n paar wenke om die gebruik van die KARRI-toep te vergemaklik:

Indien u meer as een kind in die skool het, plaas al die bestellings onder een kind se naam en reël met u kinders om die bestellings onder mekaar uit te deel. Sodoende spaar u op ekstra bankkostes.

Daar word slegs ‘n boodskap vir Maandae se spyskaart uitgestuur, maar sodra u die toep oopmaak, is die hele week se spyskaart gelaai. Ons moedig u aan om, vir administrasie doeleindes en besparing op ekstra bankkostes, u bestelling vir die hele week vooruit te plaas. Bestellings vir die nuwe week maak Vrydae om 14:00 oop en sluit soggens om 07:00 vir die spesifieke dag.

SKOOLVERLATERS
Indien u kind nie volgende jaar weer by Laerskool Newtonpark gaan wees nie, laat ons asseblief so spoedig moontlik weet (graad 7's uitgesluit) Ons is besig om inskrywings vir 2022 te finaliseer; daarom is dit belangrik om te weet wie nog hier gaan wees en wie nie. Sekere klasse is ook vol en daar is aansoekers wat wag vir 'n opening.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto's te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

SKOOLGELD 2021

Ons sê baie dankie aan al die ouers wat hierdie verantwoordelikheid nog steeds getrou nakom. Soos voorheen, rig ons weereens 'n versoek tot u om sover moontlik nie met u skoolgeld-betalings agter te raak nie.

Ons het groot begrip dat baie van u se finansiële omstandighede dalk nou verander het en ons is allesbehalwe onsensitief hieroor. Indien dit dus vir u moeilik raak om u verpligting na te kom, versoek ons u om met die skool kontak te maak. Baie dankie aan al die ouers wat so gereeld hul skoolgelde betaal. Ons waardeer dit baie, want dit help ons om die skool se rekeninge te betaal.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Geniet die naweek saam met jul gesinne.

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 15 November	:	**Musiekeksamen** Alle Biblioteekboeke terug Klerewinkel **12:00-14:30**
Wo – 17 November	:	Klerewinkel **12:00-14:30**
Do – 18 November	:	**EKSAMEN: Engels Stelwerk graad 7**
Vr – 19 November	:	Klerewinkel **07:30-12:00** **SKOOL SLUIT OM 12:00** **EKSAMEN: Afrikaans Stelwerk graad 7** **McNewtonpark Drive-Thru gebeur**

SPORT & KULTUUR

OOS-KAAPSE JUNIOR KINDERKOOR
Kirsten Woest in graad 2S het Vrydag, 5 November, 'n oudisie vir die Oos-Kaapse junior kinderkoor gedoen. Sy was meegedeel dat sy suksesvol was en 2022 deel sal wees van die koor. Baie geluk, Kirsten!

Emma Bester in graad 1D het ook 'n sertifikaat ontvang vir 100% bywoning as lid van die Oos-Kaapse junior kinderkoor vir 2021. Baie geluk, Emma!

RITMIESE GIMNASTIEK : INTER-KLUB KOMPETISIE
Nina Rossouw in graad 4S het op Saterdag, 18 September aan die "All Stars Rythmic Gymnastics Inter Club" kompetisie deelgeneem en soos volg presteer:
Onder 11 Vlak 4:
Free Dance : 2de
Rope : 2de
Clubs : 2de
Overall : 2de – Silwer medalje
Baie geluk, Nina!

RITMIESE GIMNASTIEK : SOUTH ZONE DISTRICT FESTIVAL
Ashley Mildenhall in graad 5V het op Saterdag, 23 Oktober aan die “South Zone District Festival” kompetisie deelgeneem en Nelson MandelaBaai-distrik verteenwoordig en daarom ook haar Distriks-kleure ontvang. Sy het soos volg presteer:
Onder 12 Vlak 1:
Rope : 1ste
Free Dance : 1ste
Overall : 1ste – Goue medalje
Baie geluk met hierdie pragtige prestasies, Ashley!

KARATE
Jayden Gouws in graad 2S het Saterdag, 6 November, aan ‘n Karate Development-kompetisie by Titan Karate klub deelgeneem. Hy het goud in Kata behaal en silwer in Kumite. Baie geluk, Jayden!

Nikita Scholtz en Lacey van Rensburg in graad 2V het ook aan dieselfde Karate Development-kompetisie deelgeneem en soos volg presteer:
Nikita Scholtz het ‘n silwer medalje verower en Lacey van Rensburg ‘n silwer en brons medalje.
Baie geluk!



RADIKALE REDENAARS : NASIONALE FINAAL
Die volgende leerders het aan die Radikale Redenaarskompetisie deelgeneem en het vir die Nasionale Finaal gekwalifiseer. Hulle het die volgende resultate behaal:

Conri Hol (Graad 3):
Afdeling: Lees: Prosa: 6de plek in haar ouderdomsgroep.
Afdeling: Reading: Poetry: 3de plek in haar ouderdomsgroep.

Alexis Venter (Graad 5):
Afdeling: Reading: Poetry: 3de plek in haar ouderdomsgroep.

Kemica Harth (Graad 5):
Afdeling: Lees: Poësie: 3de plek in haar ouderdomsgroep.
Afdeling: Lees: Poetry: 2de plek in haar ouderdomsgroep.

Mikayla van den Berg (Graad 6):
Afdeling: Lees: Poësie: 2de plek in haar ouderdomsgroep.
Afdeling: Lees: Poetry: 2de plek in haar ouderdomsgroep.

Tiaan Riekert (Graad 7):
Afdeling: Afrikaans Moedertaal: 4de plek in sy ouderdomsgroep.

Baie geluk, julle! Ons is trots op julle!

VOORTREKKERS : RUITERWAG-KOMMANDO
Lia Radder in graad R1 en Ava Radder in graad 4M het as deel van die 35 lede van Ruiterwag Voortrekker kommando deelgeneem aan 'n nasionale “Ken my herkoms” kompetisie wat trots aangebied is deur die Jakaranda rapportreiers.

Vir elke monument of erfenisgebied wat besoek is het hulle punte gekry en as hulle skoongemaak het of die monument herstel het, het hul bonus punte gekry. Hierdie 35 lede het 10, 500 ander Voortrekkers landswyd uitgestof deur 114 monumente/erfenis gebiede te besoek en 6 skoonmaak projekte aan te pak en as wenners vir 2021 aangewys te word.

Mooi so Voortrekkers, dit was nou knap gedaan!

VOORTREKKERS : KRAGGA KAMMA-KOMMANDO
Emma Bester in graad 1D was op 8 November 2021 as Penkop/Drawwertjie ingelyf van die Kragga Kamma Voortrekker-Kommando. Sy het ook ‘n sertifikaat van verdienste vir die volgende ontvang:

Jare diens : 1 – Spesialisasie Kentekens
Jukskei : Oranjé – Junior Kok
Voorjuk: Tuiner
Graadwiel : Oranje – 90 jaar Fees
Baie geluk, Emma!